SAKE 24 (Beeld)
06 May 2011, p.8

SA en WEF gaan saamspan om waterkwessies te ondersoek

Mnr. Peter Brabeck-Letmathe, voorsitter van Nestlé, en me. Edna Molewa, minister van waterwese en omgewingsake, op die bekendmaking van 'n nuwe vennootskap tussen die WEF se waterhulpbronnegroep en Suid-Afrika. Foto: YUNUS MOHAMED, FOTO24

Jean-Marie de Waal, Kaapstad

Die wêreld se groeiende ontluikende middelklas gaan verdere druk plaas op water vir menslike gebruik.

Mnr. Peter Brabeck-Letmathe, voorsitter van Nestlé en van die Wêreld- Ekonomiese Forum (WEF) se waterhulpbronnegroep, het gister gewaarsku die groei van die middelklas in gevorderde ontwikkelende lande en die gevolglike toenemende gebruik van vleis, sal groot druk plaas op waterbronne wat al hoe minder raak.

Volgens Brabeck-Letmathe word een liter water benodig vir elke kalorie (plantgewasse) wat die mens eet terwyl die verbruik van een kalorie vleis tien liter water benodig.

Die groeiende middelklas sal nie vegetariërs wees nie, maar vleiseters. "As vandag se wêreldbevolking soos die Amerikaners eet, sou ons reeds nie water gehad het nie," sê hy.

Op die perskonferensie is 'n nuwe vennootskap tussen die WEF se waterhulpbronnegroep en Suid-Afrika bekend gestel. Dié groep gaan poog om na kritieke waterkwessies in Suid-Afrika te kyk soos waterbesparing, die beheer van vraag en aanbod en om waterbronne op 'n volhoubaarder wyse te bestuur.

In Suid-Afrika word verwag die vraag na water sal binne die volgende 30 jaar met 52% toeneem.

Me. Edna Molewa, minister van waterwese en omgewingsake, het beklemtoon Suid-Afrika ly ernstige waterverliese.

Sy sê die moontlikheid bestaan dat Suid-Afrika teen 2050 nie meer genoeg water sal hê nie.